Weeklikse Verslag

11 Mar 2026

Agenda

Met soveel goed wat in die mark gebeur en die pryse

wat reageer, kyk ons die week na die tegniese grafieke.

- Grondvog
- Tegniese analise
- Weeklikse Opsomming
- SAGIS Uitvoer Vordering

RSA Grondvog

RSA Grondvog



BVG Weerstasies	14 Dag Totaal (2026-02-25 : 2026-03-11)	Seisoen totaal 2025/26 (25-07-01 : 2026-03-11) A	Vorige Seisoen tot datum 2024/25 (2024-07-01 : 2025-03-22) B	Nuwe seisoen as % van vorige seisoen A ÷ B
VRYSTAAT				
Bothaville	87	648	442	147%
Frankfort	28	353	500	71%
Hoopstad	116	688	344	200%
Koppies-Sasol	109	668	594	112%
Kroonstad	149	652	417	156%
Vrede	61	685	743	92%
Wesselsbron	95	566	373	152%
Bultfontein-Weltevrede	86	515	367	140%
Viljoenskroon	46	547	527	104%
KwaZulu-Natal				
Bergville	41	853	785	109%
MPUMALANGA				
Argent	40	567	794	71%
Middelburg-Pan	46	494	462	107%
Overvaal	37	545	760	72%
Standerton	17	484	582	83%
Witbank	25	672	614	109%
Delmas	43	566	367	154%
NOORD-WES				
Stella	77	542	646	84%
Schweizer-Reneke	81	515	508	101%
Leeudoringstad	94	652	575	113%
Coligny	12	388	378	103%



Bo-Grondvog

Reënval

Onder-Grondvog

Tegniese Analise

11 MAR 2026

BRENT RU-OLIE

Die Brent ru-olie pryse is nog verder op vanaf ’n week terug toe die oorlog begin het. Daar is bekommernis dat die hoë oliepryse die diesel-en-kunsmispryse kan laat styg, wat landbou produksie kan beinvloed.

CBOT
Dec ’26 Corn

Die CBOT Dec’26 Corn kontrak breek die boonste weerstandlyn van die verhandelings band. Die mark kom terug en soek die lyn weer op, en dit lyk of daar ondersteuning gekry word.

SAFEX
Jul’26 WMAZ

Die Safex Jul’26 WMAZ kontrak maak

’n gaping wat nou gedeeltelik gevul

is.

SAFEX
Jul’26 YMAZ

Die Safex Jul’26 YMAZ kontrak se gaping word ook gedeeltelik gevul, maar is nog oop.

CBOT
Nov'26 BEAN

Die CBOT Nov'26 BEAN kontrak reageer sterk positief op die olieprys versterking en het tans bo die verhandelings band uitgebreek en is op nuwe hoogte vlakke.

SAFEX
Mei’26 SOYB

Die SAFEX Mei’26 SOYB kontrak hou stewig na ’n korreksie en is gedeeltelik gevul.

DOLLAR INDEKS

Die Dollar indeks verhandel sywaarts die afgelope week en die markte verwag oorlog toestand finansiele stimulasie.

Rand/Dollar Wisselkoers

Die Rand/Dollar wisselkoers verswak aanvanklik maar is besig om terug te veg.

Week se Opsomming

Die nuutste WASDE verslag is gister gepubliseer en daar is geen verandering gemaak aan die mielies, sojabone of koring nie, en die 2026 seisoen word eers later op gerapporteer. Die VSA gaan die eerste aanplantings so oor 4-weke begin en daar is kommer dat die hoë oliepryse sal lei tot duur insette soos diesel en kunsmis. Dit kan moonlik lei tot laer produksie van landbou kommoditeite. Dit mag ook 'n effek hê dat meer sojabone in ruil vir mielies geplant kan word, weens laer inset behoeftes. Chicago se pryse vir mielies en sojabone is op hoogte punt vlakke.

SAGIS
Uitvoer Vordering

27 FEB 2026

SAGIS

UITVOERE per Week

UITVOERE	GEEL MIELIES	WIT MIELIES
WEEK	13 304	26 280
TOTAAL	725 706	913 336

VOLG ONS OP SOSIALE MEDIA
COMDI-AGRI
COMDI-AGRI
COMDI-AGRI
COMDI-AGRI
COMDI.CO.ZA

DANKIE

4IE TRADING

Kontak ons 082 776 1609 of by Francois.Fourie@bvg.net

Geskryf deur **Francois Fourie** van 4IE Trading

in samewerking met COMDI Agricultural Markets (Pty) Ltd

COMDI.CO.ZA